

VAL EN OPSTAAN: PETRUS SE REIS

28 Maart 2021



Hierdie oortuiging kan by elke byeenkoms deur almal saam hardop gelees word.

Ons oortuiging

Ons is kinders van die Here wat saam 'n reis na vernuwing en bevryding aanpak.

Ons wil graag ontdek wat God vir ons wil wys op hierdie reis.

Ons wil graag meer soos Jesus word en Sy wil vir ons lewens uitleef.

Op hierdie reis na vernuwing:

- Beloof ons om gedurig vir mekaar te bid;
- Gaan ons met mekaar deel wat ons ontdek; en
- Verbind ons ons om enduit saam te reis.

Val en opstaan: Petrus se reis

(Lydensweek 7)



1. STAAN NADER

Dink aan iets wat jy hierdie week gedoen het, wat jy graag op 'n “back to the future”-manier sou wou óór doen. Ons kan dit nie verander nie, maar die vraag is: Het dit groei tot gevolg gehad? Deel met mekaar.



2. TOT HIER TOE

Ons het reeds die afgelope paar weke gewerk aan 'n “kerk-hoekie” in jou huis of 'n “war room” waar jy kan stil raak. Jou “war room” is die fisiese ruimte waar jy by God kan gaan sit. Gebed is die plek waar die meeste gevegte saam met God gewen kan word. Deel met mekaar wat hierdie hoekie/plek vir jou beteken en hoe dit jou geestelike groei beïnvloed het.



3. GPS INSTEL

Maak jou oë toe en rig jou gedagtes intensioneel op God. Sien in jou geestesoog die intog in Jerusalem. Sien nou hoe Jesus met oneindige, onvoorwaardelike liefde ook in jou lewe instap.



4. LUISTER

a. Agtergrond

Wat was jou eerste siening oor Petrus se verloëning, voordat jy die preek geluister het?

b. Teks

Fokusvers 1: Lukas 22:31-34

Vers 32: “Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.”

c. Teks

Fokusvers 2: Lukas 22:54-62

Vers 62: “En Petrus het buite toe gegaan en bitterlik gehuil.”

Gesels saam

1. In Johannes 21 vra Jesus drie keer vir Petrus of hy Hom lief het, maar in Lukas het Petrus Jesus drie keer verloën. Wat staan vir jou uit hierin?
2. Val en opstaan staan lynreg teenoor mekaar, maar word deur berou verbind. Hoe kan ons dit in ons daaglikse lewe raaksien?
3. Bespreek: Sou die ander dissipels dalk gewonder het of een van hulle Jesus dalk sou verloën het, as Petrus dit nie gedoen het nie?
4. Wat is jou siening van Petrus se verloëning, ná jy die preek geluister het?



5. SIT 'N RUKKIE

- a. Wat hoor jy vir jou reis?
(Jy kan hierdie vraag net vir jouself antwoord.)
- b. Wat hoor ons vir ons saamreis as gesin/kleingroep?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)
- c. Wat hoor ons vir ons as gemeente se reis saam?
(Jy kan, sonder lang bespreking daarvan, vir die ander noem wat jy gehoor het.)



6. ONS VERSORG MEKAAR

Maak 'n bewustelike besluit om meer ingestel te wees op jou geliefdes rondom jou. So dikwels is ons geneig om ánder mense se nood raak te sien, maar kyk bo-oor hulle wat naaste aan ons is. Skep geleenthede om dieper gesprekke te hê, om ook bewus te wees van mekaar se val en mekaar doelbewus te help opstaan.



7. HIER GAAN ONS!

Fokus hierdie week om Jesus se hand te neem, om op te staan as jy geval het, of teleurgesteld is in jou keuses of optrede. Leer daaruit. Kyk dan met empatie na ánder, help hulle op. Om iemand anders liefdevol op hul pad te help, is om met 'n Jesus-hart saam te reis.

ROETEMERKERS (Tekste vir Stiltetyd) VIR DIE WEEK

Dag 1: Persoonlike geloofsbelydenis:

Johannes 21:15-17 Jesus vra Petrus drie keer “Het jy My lief?” en hy antwoord drie keer bevestigend.

Dag 2: Bely persoonlike sondeval:

Matteus 26:31a “Toe sê Jesus vir hulle: ‘Julle almal sal My vannag nog in die steek laat.’”

Dag 3: Opregte berou:

Psalms 51:9 “Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees.”

Dag 4: Ontvang genade:

Matteus 16:18 “En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”

Dag 5: Geloofsgroei:

Handelinge 3:6 “Maar Petrus sê: ‘Geld het ek nie; maar wat ek het gee ek jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!’”